

SUSTERS-PRODUKSIENOTAS

DIAAN
LAWRENSON

LEAH

QUANITA
ADAMS

SEAN MARCO
VORSTER

SUSTERS



REGISSEUR CORNÉ VAN ROOYEN KINEMATOGRAFIE SUNEL HAASBROEK PRODUKSIE JOHAN VORSTER & JENNY GRIESEL
TEKS CORINE DU TOIT & SANDRA VAUGHN REDIGEERDER C.A. VAN ASWEGEN PRODUKSIE-ONTWERPER CHRISTIAN JOUBERT

'N INHOUD HUIS MEDIA PRODUKSIE



Johan Vorster en Jenny Griesel bied aan
'n film deur Corné van Rooyen

Susters

Vervaardig deur Jenny Griesel en Johan Vorster
Teks deur Corine du Toit en Sandra Vaughn

Uitvoerende vervaardigers
KykNet (Jan du Plessis, Kaye Ann Williams en Karen Meiring)
Salomé van Diemen en Nico van Diemen
Johan Vorster

Oorspronklike musiek deur
Andries Smit
Johan Vorster

Vrystellingsdatum: 30 Maart 2018

ROLVERDELING

LEKSIE	LEAH
JO	DIAAN LAWRENSON
CECILE	QUANITA ADAMS
FRANS	SEAN-MARCO VORSTER
MARTIE	ANNELISA WEILAND
JAMES	JANDRE LE ROUX
JAMES JNR	LE ROUX VAN DIEMEN
KYLE	RUDO VAN DIEMEN
DARREN	NOLAN AFRICA
DANIEL	JOSHUA SCHEREKA
DIANE	LIA SCHEREKA
DENISE	EMILY SCHEREKA
DANIELA	REBECCA SCHEREKA

JONG LEKSIE	LEANDRY SMITH
JONG JO	CHANICA PIETERSE
JONG CECILE	AMY PLAATJIES
LEKSIE MA	VICTORIA WELTHAGEN
JO BLACK	JO ENGELBRECHT
SERSANT	GERT VAN NIEKERK
KONSTABEL	PIERRE BREYTENBACH
LUGWAARDIN	CORINE DU TOIT
KITTY	LIDA BOTHA
NONNIE	VANESSA LEE
MAATSKAPLIKE WERKER	LIEZL ARNOLDS
KAARTJIEVERKOOPSDAME	CHARITY JACOBS
EVAN	RIAAN VISMAN
BEGRAFNISONDERNEMER	JOHAN BOTHA
MONGOOLSE TOLK	TSOGT BAYASGALAN
ABIGAIL	LEBOHANG KHANYANE
MONGOOLSE VROU	JACLYN MAISTRY

Vervaardigers	JENNY GRIESEL
	JOHAN VORSTER
Regisseur	CORNÉ VAN ROOYEN
Lynvervaardiger	JENNY GRIESEL
Kinematografie	SUNEL HAASBROEK
Eerste Assistentregisseur	CRAIG MATTHYS
Produksiebestuurder	TASCHA VAN DER WESTHUIZEN
Skeduleerder	TASCHA VAN DER WESTHUIZEN
Produksiekoördineerder	PAUL BUYS
Rolverdeling (kameerolle, ekstras)	TASCHA VAN DER WESTHUIZEN
Produksiedrywer	ALRIGHT RAMASALA
Rekenmeester	ADRI KEMP
Fokustegnikus	CHAD MEYER
Eenheidsbestuurder	PAUL BUYS
Eenheidsassistente	DENNIS NJARAVAZA
Kontinuiteit	MARIE VAN WYK
Beligtingstegnikus	ANWAR MISBACH
Beligting-vakleerling	MEMELELI NDUNGANE
Vonkie	GLOBES SANDERS
Hooflakelaar	MESHACK MOLOPA
Takelaarassistent	AUBREY RATHOKWO
Takelaar-vakleerling	MISHACK THUKWANE

Klankmenger	LEITH MOR KEL
Klankhengelaar	AKBAR KHAN
Kunsregisseur	CHRIS JOUBERT
Rekwisietemeester	GRAHAM HAYNES
Stelinkleder	JACLYN MAISTRY
Kostuumontwerper	CARIKE NEL
Kostuumassistent	CARINA SNYMAN
Grimering en hare (hoof)	MARY-SUE MORRIS
Grimering en hare (assistent)	EVE MARTINS, FOLLICLE HAIR
DIT	CHRISTIAN WOLF
	KURT NAIDOO
Waaghalse	FLYING MAN, TSOGT BAYASGALAN
Stelfotograaf	CORNE-ANN LUBBE
Sekuriteit op stel	EYETHU EVENTS
FINANSIES	
Bemarking/publisiteit	Kemp ACC
Naproduksie	JENNY GRIESEL
Redigering	FIX Post Production
Naproduksiefasiliteit	CA VAN ASWEGEN
Klankontwerp	FIX Post Production
Dialogoredigering	@SFX Studios
Klankredigering	Tinus Smit
Foley/byklanke: opname en redigering	Warren van Schalkwyk
	Tinus Smit
	Warren van Schalkwyk
Finale vermenging	Tinus Smit
Visuele-effektekunstenaar	GVR, Gerhard van Rooyen
Oorspronklike musiek	Andries Smit
Aanvullende musiek	Johan Vorster
Studio	Pressure Cooker Studios
Klankbaantoesig	Daniel Caleb, James Matthes
Klankbaanverwerking & -transkripsie	Shaun Crawford
Klankbaanvermenging	Simon Ratcliffe
Klankbaanopname	Daniel Caleb
Musiekproduksiedienste	James Matthes
Viool	Vicente Espi
Tjello	Ariella Rosanna Caira
Baskitaar	Ryan McArthur
Fluit	Louisa Theart
Musiekvrystellings	Jacomien de Villiers, Louise Coetzer

Verfilm in	PRETORIA HARTBEESSPOORT WILLISTON KAAP AGULHAS CALEDON
Toerustingverhuring	PANAVISION EYETHU EVENTS AREYENG RENTALS
Versekering	GIB Insurance Brokers
Afhandelingsooreenkoms	Hollard Film Guarantors

Vervaardig in samewerking met die Suid-Afrikaanse Departement van Handel en Nywerheid (DTI)

SUSTERS – Ons eie Afrikaanse chick-fliek is op pad

Suid-Afrikaanse fliekgangers kan uitsien na die uitreiking van die splinternuwe rolprent, *Susters*, in Maart vanjaar.

Die rolprent vertel die verhaal van drie aangenome susters wat van mekaar vervreemd geraak het. Na hul ma se dood vertrek hulle saam op 'n ontdekkingsreis. Dis 'n reis gevul met tere herinneringe, interessante karakters, ongelooflike mooi plekke en dit waarin die skoner geslag uitblink: om hope pret te hê.

Die rolverdeling sluit bekende name in, soos die veelbekroonde sangeres Leah, wie se albumverkope reeds goue status behaal het, en wat as aktrise bekend is vir haar rolle in *As Jy Sing* en *Sterlopers*. Quanita Adams speel ook 'n suster en is self geen vreemdeling vir die kollig nie en het heelwat televisie- en filmrolle op haar kerfstok. Die derde suster word deur Diaan Lawrenson gespeel, wat veral bekend is vir haar rol as Paula in *7de Laan*. En dis maar net die hoofrolle – die kykers kan hulle gereed maak vir heelwat verrassings met bekendes wat kleiner rolle gaan vertolk.

Corné Van Rooyen, bekend as regisseur van *Hollywood in my huis* en *Vaselinetjie*, is in die regisseurstoel. Die draaiboek is deur Corine du Toit en Sandra Vaughn geskryf, 'n gedugte skryfspan wat vir 'n magdom film- en televisiedraaiboeke, wat loketters soos *Semi-Soet* insluit, verantwoordelik was. Dis ook nie aldag dat 'n vrou in beheer van die kinematografie is nie, maar Sunel Haasbroek slaag daarin om 'n unieke vroulike blik op die wêreld waarin die susters hulle bevind, te gee.

Susters is deur Jenny Griesel en Johan Vorster vervaardig. Jenny is 'n bekende in die vermaaklikheidsbedryf, liefdadigheidskringe en mediawêreld, en behartig ook die bemerking van verskeie glansmense. Johan, wat ook 'n geliefde en bekroonde liedjieskrywer is, is verantwoordelik vir die film se klankbaan. Verwag dus mooi musiek!

Susters word moontlik gemaak deur die trotse samewerking tussen Inhoud Huis Media en kykNET en word op 30 Maart 2018 landswyd vrygestel – net betyds vir gesinne om die skoolvakansie op 'n hoë noot af te skop!

LOKPRENT:

<https://www.youtube.com/watch?v=lnV0iqY42UI&feature=youtu.be&app=desktop>

MUSIEKVIDEO VAN DIE TEMALIED:

Nooit Alleen – Leah en Jo Black

<https://www.youtube.com/watch?v=uACMAqQkFFo>

Beskikbaar op die versamelalbum, *In Afrikaans*.

Vir meer inligting, skakel gerus vir Jenny Griesel:

Jenny Griesel Communications / Inhoud Huis Media

Tel 083 406 3444 / jenny@jennygriesel.co.za

SINOPSIS

Die aangenome susters Leksie, Cecile en Jo, wat verspreid oor die uithoeke van die aarde woon, word al drie onkant gevang toe hulle die oproep kry dat hulle ma oorlede is. Leksie, die entomoloog, het pas in Mongolië 'n fratsgogga ontdek wat hopelik dié keer sal verseker dat haar naam in die *Guinness Book of Insects* verskyn. Jo, 'n top-modeontwerper, was besig om een van haar skeppings vir haar heel eerste Londense modeweekbekendstelling aan 'n uitgeteerde model se lyf te pas en in Johannesburg was Cecile besig om haar trop kinders met die grasia van 'n balletdanser te probeer organiseer terwyl sy terselfdertyd idees vir haar volgende hygroman uitdink.

Nou is die drie weer vir die eerste keer in jare weer saam in die huis waar hulle grootgeword het. Die omstandighede is donker en hulle emosies loop hoog terwyl hulle teësinning hul oorlede ma Martie se laaste wense uitvoer.

Die eksentrieke Martie het aan Frans, haar sexy manlike verpleër, streng opdrag gegee oor haar laaste wense: die hele lotjie moet op 'n *road trip* gaan om Martie se as te gaan strooi en vir Kasper, haar honger luislang, by sy aftreeoord af te laai. Dit dwing die drie susters om tyd saam te spandeer, en tyd is nou nie juis iets waarvan enige een van hulle baie het nie. En dis juis op hierdie uitstappie waar 'n heelwat avontuur en 'n klompie struikelblokke hul tol op almal eis ... veral op Kasper!

JENNY GRIESEL – VERVAARDIGER EN LYNVERVAARDIGER

FILMOGRAFIE:

As Jy Sing, HORN, Somer Son, Gat in die Muur, Van De La Rey Tot Nou (DVD), Met My Hele Hart (TV).

Hoe het jy by *Susters* betrokke geraak?

Toe ek en Johan Vorster Inhoud Huis Media in 2016 gestig het, was dit ons albei se droom om 'n *chick flick* te maak – die soort fliëk waarmee Suid-Afrikaanse vroue hulle kan vereenselwig. Dit was altyd ons plan om 'n komiese, gesinsvriendelike fliëk te maak wat ietsie van die alledaagse uitbeeld, maar wat sy eie, unieke stempel moes hê en mense se harte moes aanraak met 'n positiewe boodskap.

Vertel ons van die vervaardigingsproses ...

Die teks is deur twee ongelooflike vroue, Corine du Toit en Sandra Vaughn geskryf, maar dit was net die begin want ons opgewondenheid het geen perke geken toe Sunel Haasbroek, 'n vroulike kinematograaf, by ons span aangesluit het nie – kamerawerk is dikwels maar steeds mans se domein en as vroue sien ons die wêreld net anders. Dit was belangrik dat *Susters* se storie uit 'n vrou se oogpunt vertel moes word. Om die kroon te span, het Carike Nel, 'n modeontwerper wat skaars 30 jaar oud is, haar ook by ons aangesluit en dit haar missie gemaak het om met elke stuk lap wat sy gebruik het, te help om die karakters te bou en

hulle stories te vertel. Elke oorbel, skoen of serp is met sorg gekies omdat elke liewe ding 'n betekenis en 'n doel het. Ons het ook 'n vroulike produksiebestuurder, Tascha van der Westhuizen, gehad, terwyl nog 'n ongelooflike vrou, Mary-Sue Morris, in beheer van die span was wat gesorg het vir grimering en hare. En dan was daar natuurlik ons drie ongelooflike aktrises, Diaan Lawrenson, Leah & Quanita Adams, wat in yskoue weer somersklere moes dra en nie een keer gekla het nie. Dit was die sterkste span saam met wie ek nog ooit aan enige projek gewerk het – met hulle sal ek 'n oorlog aandurf. En ek weet hulle is almal na my toe gestuur as deel van die groter plan.

Moet my nie verkeerd verstaan nie: ek sal my sakevennoot Johan Vorster, vir niks in die wêreld verruil nie, en ook nie ons regisseur, Corné van Rooyen, nie. Maar met *Susters* het ek weer besef: ongelooflike dinge gebeur as vroue saamstaan, en ons moet nooit die krag daarvan onderskat nie.

Waar is *Susters* verfilm en hoekom?

Ons woon in Pretoria en daarom was dit vir my belangrik om 'n deel van die rolprent hier te verfilm, onder meer by twee karaktervolle huise in die Moot en op 'n plaas naby Cullinan. 'n Moderne huis in Olympus, die Mahem Raceway, Wonderboom-lughawe, LISOF Design School en die Humdinger Tاتoo Studio is ook in die flik te sien. Die verfilming het in Pretoria begin, wat die span 'n kans gegee het om mekaar beter te leer ken en die masjien goed te olie voordat ons die yskoue Karoo aangedurf het.

Die Karoo-tonele is in en om die pragtige klein dorpie, Williston, verfilm. Ons het twee weke in die Noord-Kaap rondgery op soek na die perfekte plek om die flik te maak, en heeltemal verlief geraak op die dorpie en sy mense. Dit is nou wel baie afgeleë, maar ons het geweet dit sal ons film 'n baie unieke gevoel gee en so 'n tikkie eksentrieke uniekheid daaraan verleen. Die landskap is bitter droog, wat die *larger than life*-karakters en heldergeel voertuig lekker laat uitstaan het. Die dorre Karoo het ook die kleurvolle persoonlikhede van die drie susters onderstreep. Die Ark-kroeg en -gastehuis was die ideale plek om ons kroegtoneel in te verfilm – daar is nie nog so 'n plek op aarde nie! Die Korbeel-huisies is uniek aan die streek en is maar nog min in Suid-Afrikaanse rolprente gewys en was die perfekte agtergrond vir die mallerige Kitty-karakter. Die dorp wat ons gekies het, was ook belangrik vir die storie, omdat die susters geïsoleerd moes wees sodat hulle weer 'n band met mekaar kon smee.

Die storie eindig in Kaap Agulhas. In ooreenstemming met die Jules Verne-reistema en die flik se artistieke regie, was ons nogal opgewonde daaroor dat die reis die susters na die mees suidelike punt van Afrika sou neem. Die vuurtoring is ikonies maar ook simbolies van hoe Martie (die susters se ma) die wêreld gesien het. Tydens die verfilming in Kaap Agulhas het die wind behoorlik geloei omdat 'n koue front in aantog was.

Wat is die boodskap wat jy met *Susters* wil oordra?

Eerstens moet die vervaardiger (wat 'n fliek maak) en die skrywer (wat die teks skryf), nooit met mekaar verwar word nie. Ons het van Suid-Afrika se top-draaiboekskrywers genader om *Susters* te skryf en is onsettend dankbaar dat Sandra Vaughn en Corine du Toit ingestem het om dit te doen. Wat jy dus op die groot skerm sien, is ons interpretasie van wat hulle geskryf het. Maar as die vervaardiger wat so lang pad met die projek stap, kan jy nie help om jou eie hart en drome in 'n fliek te sit nie, en natuurlik is daar 'n paar dinge wat jy daarmee wil sê of doen.

Om mee te begin, wou ons 'n *chick*-fliek maak. Nie net 'n fliek wat ma's, dogters, sussies, oumas en vriendinne sal laat lag nie, maar ook 'n fliek met 'n vrou se groot hart, deur vroue, vir vroue. 'n Rolprent met 'n eie unieke stempel.

Die boodskappe wat ek persoonlik met die fliek wou oordra, is eenvoudig:

- **Jou begin bepaal nie jou einde nie.** *Susters* vertel die storie van drie aangenome susters wat hulle drome gevolg het en elkeen op haar eie manier sukses behaal het. En met sukses bedoel ek nie noodwendig loopbaansukses nie. Hul sukses lê eerder in die feit dat hulle weet wie hulle is en dat hulle nie toegelaat het dat hulle beginjare hulle gekeer het om die lewe voluit te ervaar nie. Hulle ma was 'n eksentrieke vrou wat haar tyd ver vooruit was, 'n sterk vrou wat hulle aangemoedig om die wêreld te verken. My reise is 'n groot deel van wie ek is, en hoe meer ek van die wêreld sien, hoe beter verstaan ek dat ons almal maar net mense is wat op ons eie manier tevrede met ons lewens wil wees.
- **Dit wat jy dink jou vreemd vir ander maak, is eintlik dit wat jou uniek maak.** Niemand het al ooit enige iets merkwaardig in die wêreld bereik deur in te pas, of deur dieselfde as die res van die mensdom te dink nie. *Cool* is vir my 'n bewegende teiken. My *cool* is nie dieselfde as jou of iemand anders s'n nie, maar om trots te wees op wie en wat jy is, is *cool*.
- **Jy is oukei.** Vroue dink almal in die een of ander stadium – al is dit dalk net vir 'n oomblik – dat ons nie goed genoeg (of sterk genoeg) is om 'n spesifieke situasie te hanteer nie, of dat ons nie *cool* genoeg is vir iemand nie. Dink maar aan jou gesprekke met vriendinne. Glo my, suster, jy is sterker as wat jy dink jy is. Wanneer jy op jou swakste voel, kyk diep binne jouself, en dink net aan al die berge wat jy reeds geklim het. Onthou jy toe daardie einste berge onklimbaar gevoel het? Maar tog het jy die berg verower.

Onthou: geen uitdaging is ooit te groot vir jou nie, en jy is nooit alleen nie. Daar is altyd iewers iemand wat jou liefhet en wat die pad saam met jou wil stap. Ons is nie

veronderstel om die lewe alleen aan te durf nie, en as jy net rondom jou kyk, sal jy besef hoeveel mense jy klaar in jou lewe het wat bitter lief vir jou is. Dankbaarheid is 'n groot deel van gelukkig wees.

Watter karakter is jy? Of, met watter karakter identifiseer jy?

Na honderde ure se tekswerkinkels en produksie en redigering het ek self gewonder. Maar nou weet ek: ek is Leksie. Ek loop alleen. Ek hou meer van diere as van mense, en geel is my gunstelingkleur, want ek is bang vir die liefde. Ek het altyd 'n verskoning om nie van 'n man te hou nie, of om nie met iemand te wil uitgaan nie. Dis makliker om alleen te wees, en ek is so gelukkig in my eie vel, dat ek nie eers 'n poging aanwend om iemand te ontmoet nie. Wat moet ek met hom doen? Hoe gereeld moet hy eet en elke dag water kry?

JOHAN VORSTER – VERVAARDIGER EN MUSIEKREGISSEUR

FILMOGRAFIE:

Platteland, As Jy Sing, Gat in die Muur.

Hoe het *Susters* ontstaan?

Ons wou 'n flik maak waarin al die hoofrolle deur vroue vertolk word. Ons het die skrywers opdrag gegee om te begin skryf, 'n regisseur gekry, aktrises gekies om die hoofrolle te vertolk en aan die werk gespring!

Hoe het julle besluit wie die drie hoofrolle moet speel ?

Ons wou Leah, Inhoud Huis se hoof vroulike kunstenaar, graag in een van die hoofrolle hê. Sy het die regisseur ontmoet en hy het ook gedink sy pas perfek in die rol. Die regisseur het saam met ons gestem dat die ander twee hoofrolle deur sterk, onafhanklike vroue vertolk moet word – met 'n sin vir humor maar ook baie diepte. Ons het gesoek totdat ons vir Diaan en Quanita gekry het en was oorstelp van vreugde toe al drie vroue ingestem het om deel van die projek te wees.

Vertel ons meer van die musiek ...

Die musiek in die rolprent is sorgvuldig gekies om die komiese oomblikke en kameraderie tussen die susters uit te lig. Daar is byvoorbeeld 'n wonderlike saamsing-toneel terwyl hulle op die langpad is. Ons het ook die Bangles-liedjie *Walk like an Egyptian* gebruik om 'n konneksie tussen die dogters se kleintyd en hul lewens nou as volwassenes te skep. Die duet, *Nooit Alleen*, is spesiaal vir Leah en Jo Black geskryf en is ook die flik se temalied. Pressure Cooker Studios in Kaapstad het die prent se fyn, donker humor uitstekend

verstaan en 'n wonderlike klankbaan geskep. Ons almal – maar veral ons regisseur – is mal daaroor.

Wat maak *Susters* uniek?

Dis die eerste Afrikaanse *chick flick* en het boonop 'n puik draaiboek. Dit is ook pragtig verfilm en die akteurs lewer uitmuntende vertonings.

CORNÉ VAN ROOYEN - REGISSEUR

FILMOGRAFIE:

Hollywood in my Huis, Vaselinetjie, Kokkedoortjie (TV), Pasella (TV)

Hoe het jy by die projek betrokke geraak?

Ek het drie jaar gelede 'n musiekvideo vir Johan Vorster en Jenny Griesel vervaardig en Johan het toe al met my gepraat oor die idee om 'n flik oor drie vervreemde susters te maak wat op 'n *road trip* gaan. – 'n film vir die hele familie, maar met hart. Twee jaar later het Jenny en Johan my gebel en gesê dat Sandra en Corine die draaiboek geskryf het en hulle het my gevra of ek die regie sal doen. Natuurlik het ek die geleentheid met albei hande aangegryp. Ons het die hele land platgery om die perfekte plekke te vind.

Wat is jou visie vir die rolprent?

Voor ek 'n rolprent aanpak, moet ek eers 'n persoonlike konneksie met die draaiboek vind. Die raakpunt met hierdie draaiboek was die gevoel van avontuur en reise na onontdekte plekke en planete en nuwe wêreld. Toe ek klein was, het my ouma altyd vir my stories van Jules Verne geles – sulke bisarre avonture met onontdekte eilande en eienaardige karakters en vreemde gebeure. My ouma was totaal en al gefassineerd deur die maan, sterre en planete. Ek glo haar grootse droom tot en met haar dood was om maan toe te gaan. Ek wou hê die gehoor moes dieselfde gevoel ervaar as toe my ouma kleintyd vir my daardie Jules Verne-stories geles het.

Vertel ons meer van die rolverdeling ...

Om met akteurs soos Diaan, Leah en Quanita te werk, was een van die hoogtepunte van hierdie flik. Die karakters is met hulle in gedagte geskryf, wat natuurlik gesorg het vir 'n wonderlike draaiboek. En vroue gaan mal wees oor Sean-Marco, wat die rol van Frans vertolk. Hy is nie net baie sexy nie, maar speel ook met soveel eerlikheid.

Watter impak het iets soos die plek waar 'n flik afspeel?

Ons wou plekke kies wat die kykers op 'n ontdekkingsreis neem. Hulle moet voel asof hulle die eerste mense daar was. Ons het baie lank rondgery op soek na die regte dorpie en het uiteindelik saam op Williston besluit. Dis 'n magiese klein dorpie met ongelooflike vriendelike en hulpvaardige inwoners. Baie van hulle vertolk selfs klein rolletjies in die fliek. Die landskap is divers en perfek vir die uitbeelding van my visie van 'n ontdekkingsreis.

Die verhaal in 'n neutedop?

Susters gaan oor drie uiteenlopende, aangenome susters. Hulle ma het vir hulle een ding geleer: om uit te gaan en hul eilande te ontdek en te verower. Maar soos wat hulle ouer geword het, het juis dit veroorsaak dat hulle al hoe verder van mekaar af weggedryf het. Hulle ma se laaste wense voor haar dood was om die drie sussies weer bymekaar te kry om hulle een groot lewenswaarheid te leer: *No man is an island, entire of itself; every man is a piece of the continent, a part of the main.*

Watter aspek van die verfilming het jou die meeste verras?

Ek was totaal en al versot op Leah, wat Leksie speel, se talent en natuurlike aanslag. Ons het party dae in temperature van minus 4 grade Celsius verfilm en sy moes in 'n onstuimige see swem, sterk stormwinde trotseer en (Karoo)berge versit.

Vertel van die kamerastyl ...

Dit was vir my belangrik om die karakters deur middel van die kamerastyl in die landskap vas te vang. Die wye lense en vloeiende skote wat die karakters volg, het bygedra tot die film se natuurlike styl. Die kamerawerk self moes nooit aandag trek nie, maar eerder die kollig plaas – en hou – op die storie en karakters. Ons kinematograaf was Sunel Haasbroek met wie ek al vir baie jare 'n baie nou en persoonlike konneksie het. Om saam met 'n goeie vriendin te werk, het *Susters* die soort hart en siel gegee wat ek nie saam met enige ander kinematograaf sou gekry het nie. Sunel se oog en gevoel vir die Noord-Kaapse landskap is afkomstig van haar lang verbintenis met die Karoo en Noord-Kaap vanweë haar agtergrond in dokumentêre films.

LEAH

FILMOGRAFIE:

As Jy Sing, Sneekoningin 2, Sterlopers (TV)

Hoe het jy by *SUSTERS* betrokke geraak?

Jenny Griesel en Johan Vorster, met wie ek 'n lang pad stap, het vir my die rol aangebied. Ek was so dankbaar vir nog 'n filmrol! Na 'n filmtoets, wat heel goed verloop het, was die rol amptelik myne.

Vertel ons meer van Leksie, jou karakter ...

Leksie is 'n relatief kompleks mens wat mense wegstoot weens haar hartseer jongdae. Sy is die jongste sussie en laaste aangeneem. Leksie gaan op 'n intense, persoonlike reis in die rolprent en ek het persoonlik baie uit haar reis geleer.

Het julle iets gemeen?

Ons het albei 'n ouer op 'n jong ouderdom verloor, alhoewel ons die hartseer heeltemal verskillend hanteer.

Wat maak *Susters* so 'n unieke rolprent?

Dis visueel verskriklik mooi en die musiek is op internasionale standaard. Die verskillende karakters bied iets vir almal. Dis 'n flik met baie hart!

DIAAN LAWRENSON

FILMOGRAFIE:

7de Laan (TV), *Sink*, *Semi-Soet*, *Stander*, *Mooirivier*, *Raaiselkind*

Hoe het jy by *Susters* betrokke geraak?

Die vervaardiger, Jenny Griesel, het my genader. Ek en Jenny ken mekaar al sedert die beginjare van die *Laan*. Nadat ons gesels het, het ek vir Corné, die regisseur, ontmoet en na ons gesprek het ek geweet ek is in!

Jy vertolk die rol van Jo. Vertel ons van haar?

Jo was vir my 'n lekker uitdaging. Sy is 'n beroepsvrou wat sukses in Londen behaal het. Sy is getroud, maar sukkel soms om beskikbaar te wees vir haar kinders. Sy is aangeneem en wil juis daarom die beste ma moontlik wees. Maar dit is vir haar moeilik om 'n balans te vind. Die reis saam met haar susters help haar om verlore aspekte van haarself te herontdek.

Sien jy iets van jouself in haar?

Ek weet hoe dit voel om 'n beroep en kinders te balanseer, maar ek vind dit nie moeilik om 'n beskikbare Ma te wees nie. My kinders en my gesin is my eerste prioriteit. Ek verstaan ook hoe dit voel om persoonlike drome na te jaag. Maar hoewel ek Jo se drome verstaan, reageer ek anders op die lewe.

Waarín lê die lekkerte van *Susters*?

Vir my is *Susters a slice of life*. Dit is my gunsteling genre, want dit weerspieël die lewe in al sy eenvoud én kompleksiteit. Ek dink die hele *sisterhood*-tema gaan wyd aanklank vind. Dan is daar natuurlik avontuur en liefde en die humor en verhoudings tussen mense is eg. Ons vier beslis die liefde tussen vroue, en dit is baie relevant.

QUANITA ADAMS

FILMOGRAFIE:

Forgiveness, Cape of Good Hope, Skeem, Binnelanders (TV), Tess.

Hoe het jy by *Susters* betrokke geraak?

Corné, die regisseur, het my genader. Dit het na 'n wonderlike geleentheid geklink en ek het gespring vir die kans.

Vertel ons van Cecile ...

Cecile is 'n *uber mom* van vier orrelypies. Sy het die perfekte huwelik en is mal oor haar lewe. Al het sy nou nie juis vreeslik baie vrye tyd nie, het sy vir haar 'n loopbaan geskep, waarvan sy aanvaar het niemand weet nie. Kom ons sê maar net: sy het 'n kleurvolle persoonlikheid.

Kon jy met haar identifiseer?

Ons albei is mal oor ons familie en sal enige iets doen om die familie bymekaar te hou. En ons hou albei van skryf.

Waarom dink jy is *Susters* 'n unieke rolprent?

Dis 'n vrolike reis deur die land, wat 'n paar minder bekende, weggesteekte juweeltjies oplewer. Die prent het alles – jy vóél alles, lag 'n bietjie, huil 'n bietjie, is 'n bietjie geskok ... dis alles daar. Die rolverdeling is uitstekend en dit was baie pret om die prent te maak. En ek glo die gehoor gaan net soveel pret hê as hulle daarna kyk!

SEAN MARCO VORSTER

Hoe het jy by *Susters* betrokke geraak?

Dis al meer as drie jaar sedert my rol as AJ in *Strikdas* en ek het half vrede gemaak daarmee. Ek en Corné het lankal 'n verskoning gesoek om saam te werk en toe hy my bel om te hoor of ek betrokke wil raak by hierdie lieflike storie, het ek dit dadelik aanvaar.

Vertel ons meer van jou rol as Frans?

Ou Frans is 'n eks *surfer* en effe deur die blare. Hy probeer vergoed vir die feit dat hy nie by sy eie ma se sterfbed teenwoordig was nie.

Hy doen sy bes om die susters in toom te hou, maar kry nie altyd die gewenste resultate nie. Dit help ook nie dat hy verlief raak op een van die susters nie.

Het jy jou rol geniet as Frans en kon jy identifiseer met die karakter?

Ek het dit baie geniet, Frans se karakter is ver verwyderd van my eie. Ek probeer nie so hard soos Frans om beheer uit te oefen nie en het gelukkig veel minder bagasie as hy. Ek bejammer ou Frans dat hy nie altyd die guts het om homself te wees nie.”

Waarom dink jy is *Susters* 'n unieke rolprent?

Dis 'n heerlike familie gedoente, baie snot en trane, maar ook baie humor. Die rolprent wys vir ons dat ons soms dinge te ingewikkeld maak en dat ons dan maklik die dinge wat werklik van belang is, mislyk.

CARIKE NEL – KOSTUUMONTWERPER

Carike het 'n BA-graad in mode-ontwerp. Verskeie glanspersoonlikhede pronk gereeld in haar aandrokke, en sy het onder meer aandrokke vir *Afrikaans is Groot* en *Doringrosie die pantomime* ontwerp. Van haar uitrustings was ook al in musiekvideo's te siene.

Vertel ons van jou betrokkenheid by *Susters*.

Jenny Griesel het my gekontak en gevra of ek sou belangstel en ek was dadelik opgewonde om saam met haar en Johan Vorster en die span van Inhoud Huis te werk. Dit was vir my 'n groot kompliment toe sy my nader, want ek het geweet dit gaan 'n fantastiese film wees wat Suid-Afrikaners se harte gaan steel. Omdat die fliek oor drie baie uiteenlopende susters gaan, het ek besef dat dit my kans was om uit die boks te dink en kreatiewe, interessante en unieke kostuums bymekaar te sit. Corné van Rooyen het my verwagtinge oortref met die visuele konsepte en inspirasies wat hy gehad het vir elke karakter, en sy idee van 'n avontuurprent was verfrissend.

Hoe het jy te werk gegaan?

Dit was 'n heerlike uitdaging om elke karakter se emosionele ontwikkeling deur middel van hulle kostuums te kon uitbeeld en daarom is elke karakter se kostuums deeglik deurdink en beplan. Dit was belangrik dat die kostuums as 'n geheel goed saam met die hare en grimering, asook die omgewing, werk. Ek en Corné het begin deur die gevoel wat hy vir die film as 'n geheel wou skep, te probeer vaspen. Die drie sussies het elkeen 'n eiland voorgestel: Leksie was 'n woestyn-eiland, Jo 'n eiland bedek met ys en Cecile 'n tropiese eiland. Die konsep word duidelik deur die kostuums voorgestel. Ons wou iets unieks en waaghalsig probeer. Gedurende die proses het ek elke karakter leer ken en begin verstaan – hulle goeie én slegte eienskappe. Dit het my gehelp om hulle op die beste moontlike manier in te kleur.

Vertel ons van elke karakter se kostuums ...

Vir **Leksie** se karakter het ek *Lara Croft: Tomb Raider* as inspirasie gebruik. Leksie is nie bang om vrou alleen die wêreld te deurkruis nie. Die kompas wat sy om haar nek dra, is 'n simbool van hierdie avontuurlustigheid en haar armbandjies is aandenkings wat sy op haar ekspedisies bymekaar gemaak het. Leksie is iemand wat weghardloop van haar emosies en haarself probeer beskerm. Daarom dien haar kleredrag as 'n uniform waaragter sy skuil, maar waarin sy ook veilig voel. Haar kleurpalet is geel en kakie en haar uitrustings is eenvoudig, maar *edgy*. Sy is een van daardie mense wat enige uitrusting haar eie kan maak deur net 'n hangertjie of 'n borsspeld by te sit. Sy is glad nie poppigerig nie, maar namate haar karakter ontwikkel, begin haar kleredrag ook stadig maar seker versag. Sy mag die gehoor dalk later verras met 'n val of tossel!

Jo was vir my die karakter wat ons die duidelikste kon sien ontwikkel aan haar uitrustings. Ons het besluit dat elkeen van haar uitrustings uniek moet wees, iets wat spesiaal vir haar ontwerp en gemaak is en glad nie in winkels te koop is nie. Haar kleurpalet het uit blou, swart en wit bestaan om die ys en gletsers van haar eiland voor te stel. Sy is baie skerp en sy laat nie sommer iemand toe om die ware Jo te sien nie. Haar kostuums dien as 'n soort verdedigingsmeganisme – soos 'n ystervark wat sy penne gebruik om enige iemand wat naby probeer kom, weg te hou. Ek het vyf van haar uitrustings ontwerp en gemaak, terwyl

die ontwerper Adriaan van Dyk vir die res verantwoordelik was. Ek het met verskillende vorms en panele gespeel om interessante silhoeëtte te skep. 'n Mens kan Jo altyd deur 'n ring trek. Haar kostuums pas die meeste van die tyd nie by die aktiwiteite wat die susters aanpak nie, maar dit dra by tot die humor van die film en wys ook dat sy heeltemal buite haar gemaksones is. Haar juwele is eenvoudig en modern omdat haar uitrustings klaar 'n groot indruk maak. Maak nie saak wat gebeur nie, Jo sal nooit haar kleredrag afwater vir gemak nie. Sy is immers 'n baie bekende en gerespekteerde mode-ontwerper.

Cecile se kleredrag is net so bont en vrolik soos haar tropiese eiland! Haar hoofkleur is pers, en ons het met baie patrone gespeel. Ons leer haar ken as 'n huisvrou en ma met 'n warm persoonlikheid. Haar klere is gemaklik en opvallend, net soos haar persoonlikheid, en sy is die karakter wie se kleredrag die minste in die film verander. Alhoewel die kyker met die eerste oogopslag dink dat Cecile net 'n eenvoudige huisvrou is, sien ons later haar waaghalsige kant, en dit is waar die bont patrone en *animal prints* inpas. Sy dra nie baie juwele nie – haar pragtige bos hare en sproete is genoeg om haar karakter af te rond.

Frans is 'n tipiese hoofseuntipe en 'n staatmaker wat altyd die regte ding doen. Sy kleredrag is eenvoudig en gemaklik. Hy dra nie klere om uit te staan nie, maar eerder omdat dit prakties is. Hy dink nie te veel oor wat hy aantrek nie en gee nie om om 'n denim twee dae na mekaar te dra nie. Alhoewel hy nie veel waarde aan sy klere heg nie, het hy 'n hangertjie wat baie na aan sy hart is en wat hy heeltyd om sy nek dra. Dis vir hom 'n simbool van wie hy was en waarheen hy op pad is. Sy kleurpalet bestaan uit neutrale kleure en denim. Namate sy karakter ontwikkel, sien die kyker dat sy kleredrag minder netjies en presies raak. Met sy klere het ons ook met teksture gespeel. Frans is nie iemand wat 'n bont hemp sal dra nie, maar teen die einde begin hy growwer voorkom met geruite hemde en uitgewasde denims.

Die susters se style is baie oorspronklik en uniek en die rolprent was vir my baie spesiaal omdat ek regtig deur die loop van die film met elke suster kon identifiseer.

SUNEL HAASBROEK - KINEMATOGRAAF

FILMOGRAFIE:

Hollywood in my Huis, verskeie dokumentêre films en reekse soos *Koskaskenades*, *Kruidjie-roer-my-nie*, *Ultimate Braai Master*, *The Incredible curious global adventure*, *Beer Country*, *Around Iceland on inspiration*

Vertel van jou betrokkenheid by *Susters*.

Ek was baie opgewonde om weer saam met my jarelange vriend Corné van Rooyen te werk. My werk as kinematograaf van dokumentêre films het my al regoor die wêreld geneem, en die kans om aan 'n opwindende plaaslike film te werk, kon ek nie deur my vingers laat glip nie. Dit sou my ook die kans gee om weer my vaardighede as narratiewe kinematograaf te slyp.

Die *look and feel* van die fliëk is op die Jules Verne-ikonografie gebaseer, wat die romantiek en avontuur van reis vier. Omdat ons 'n realiteitsgevoel wou skep, was dit belangrik om baie nou saam met Chris Joubert, die produksieontwerper, te werk om hierdie wêreld te skep. 'n Mens vergeet maklik dat 'n fliëk eintlik maar teater is, en met *Susters* was dit beslis die geval. My en Corné se werkswyse was om 'n hele toneel op 'n slag te skiet. Dit was soms nogal 'n uitdaging, maar dit het uiteindelik goed uitgewerk met die regte kleurpalet, lig en komposisie. Die fliëk se kleurpalet is nogal *bold* omdat ons baie primêre kleure gebruik het – wat 'n direkte invloed op my komposisie regdeur die film gehad.

Die mense wat hierdie konsep regtig laat werk het, was die kostuumontwerper Carike Nel en die grimeerkunstenaar Mary-Sue Morris. Hulle het die karakters op 'n baie unieke, stilistiese manier lewendig gemaak sonder om heeltemal oorboord te gaan. Die fliëk se beligting is natuurlik, maar het steeds baie tot die realistiese gevoel bygedra. Om die beste beligting vir elke toneel te kies, het ek my laat lei deur die verskillende plekke waar ons geskiet het. Ons het met verskeie scenario's gewerk: van aandtonele met twee klein venstertjies en kerslig, tot tonele wat in die skerp middaglig geskiet moes word. Dis altyd die beste om te werk met wat jy het eerder as om iets te probeer forseer.

Ek glo ons het 'n baie unieke fliëk gemaak wat visueel besonder stimulerend vir die kykers gaan wees. Dit was beslis een van my beste ervarings tot dusver, en 'n groot eer om saam met 'n klomp talentvolle mense aan so 'n wonderlike storie te werk. Ek sal dit enige tyd weer doen.

SKRYWERS - CORINE DU TOIT EN SANDRA VAUGHN

Aan hoeveel fliëks en TV-reekse het julle al saam geskryf? En hoe lank skryf julle al saam?
Sedert 2012 het ons al 'n hele paar goed saam geskryf. Ons eerste gesamentlike projek was *Liefste Kayla*. Daarna het *Geraamtes in die Kas* gevolg, waarvoor ons 'n SAFTA gewen het. Ons het ook die teks van *Elke Skewe Pot* vertaal en geredigeer, skryf tans aan die klug *Die Kasteel* en het ook al verskeie ander tekste vertaal en geredigeer.

Ons fliëktekste sluit in *As Jy Sing, Alles Wat Mal Is* en *Sink*, wat ons saam met Anel Alexander vertaal en geredigeer het. Ons het ook heelwat ander projekte in die pyplyn wat klaar geskryf en tans in die ontwikkelingsfase is.

Hoekom werk julle twee so goed saam?

Die meeste mense dink dis omdat ons 'n verjaarsdag deel, maar ons weet dis 'n kombinasie van ons verskille en sterkpunte wat mekaar absoluut aanvul. Ons is baie eerlik met mekaar en het albei heerlike, wilde verbeeldings sonder grense. Ons het dieselfde sin vir humor (party mense sê dis nogal donker) en om baie te lag terwyl ons skryf, is 'n natuurlike deel van ons werksdag. Ons is albei Christene, wat beteken dat ons nie net skryf vir vermaak nie. Ons probeer altyd 'n dieper, insiggewende boodskap oordra, al is dit net 'n boodskap van hoop of om 'n saak van twee kante af te sien.

Dit maak sin dat twee vroue hierdie storie oor drie susters geskryf het. Wat was julle inspirasie?

Johan Vorster en Jenny Griesel het ons genader om 'n *chick flick* met sterk vroulike hoofkarakters te skryf. Daar is met die idee gespeel om met 'n troutema te begin, maar in daardie stadium was daar baie bruilof-gedrewe rolprente. Toe besluit ons om die fliek eerder met 'n begrafnis te begin. Dis dieselfde tematiek. Ons het van die idee gehou van susters wat 'n sterk band het, al is dit nie biologies nie: sterk vroue met uiteenlopende idees en persoonlikhede, maar saamgebind deur hul liefde vir mekaar en hul aanneem-ma, Martie.

Wat was vir julle die hoogtepunt om saam aan *Susters* te skryf?

Definitief die eerste drie maande se skrywery. *Susters* het daarop aangedring om geskryf te word en ons vir drie maande besig gehou totdat ons uiteindelik *Die Einde* kon tik. Ons het letterlik daarvan gedroom en selfs in die middel van die nag vir mekaar stemnotas gelos. Ons breine wou net nie afskakel nie.

Susters was werklik soos 'n baba wat jy voor jou oë sien grootword, en die dag toe ons op stel stap en ons kop-prentjies in lewende lywe sien, het ons albei soos trotse mammas trane in ons oë gekry.